Beide Dawood en Allie is bedrewe koetsiers. Hier is Dawood met Fire American Flyer, 'n hings wat verlede jaar as die junior kampioen (2 jaar) aangewys is *(Foto: FotoJan)*

'n Kampioen in eie reg

deur **Hennie Basson**

"Wanneer 'n voornemende perde-afrigter of vertoner doelbewus of dalk heel toevallig in die dampkring van 'n deurtrapte leermeester beland, is sy of haar pad boontoe reeds grootliks gebaan. Dit is nie te betwyfel nie dat 'n ervare leidsman gewoonlik die grondslag lê vir die sukses wat 'n skouman uiteindelik behaal."

So sê Dawood Davids, bekende skoupersoonlikheid van die Kaapse Vlakte wat reeds vir vier jaar die voorsitterstoel van die Suid-Afrikaanse Hackneyponietelersgenootskap beklee.

"Hoewel 'n liefde vir die perd 'n voorvereiste is, het ek in my eie lewe juis die belang van mentorskap ondervind," sê hy. "Diegene wat 'n suksespad op die skoubaan wil loop, kan gerus 'n blaadjie uit hierdie boek neem."

Vanaf die tradisionele Maleierskou wat jaarliks in die week vóór Nuwejaar in die skadu van Tafelberg gehou word, tot sovêr as Bloemfontein, is hy immers vir ongeveer 20 jaar 'n bekende op byna al die belangrikste trekperdskoue – 'n instelling op 'n skoukarretjie wat deur 'n Hackney of die kleiner weergawe daarvan getrek word.

In die Rosestad, waar die Hackney-poniemense meer as drie dekades gelede hulle eerste nasionale kampioenskap gehou het, het hy en sy mede-ponie-entoesiaste, ná 'n lang afwesigheid weer vanjaar vir groot spoggerigheid tydens die Bloemskou gesorg. Dit was toe hulle sekere klasse met die

Saalperde afgewissel het. Dit is immers soos dit in Amerika gedoen word en so is daar aanvanklik ook in Bloemfontein saam met die Saalperde geskou.

Mettertyd het die Hackneyponie se bakermat vanaf die Vrystaat en ou Wes-Transvaal egter na veral die Wes-Kaap verskuif. Insgelyks is die nasionale kampioenskappe vir dié ras naderhand op Tulbagh en sedert 1996 op Robertson gehou.

Verlede jaar, toe dit vir 'n uitsondering op Swellendam gehou is, is hierdie stoet van Schaapkraal op die Vlakte vir die sewende agtereenvolgende jaar bekroon met die mees gesogte toekenning vir dié ras, "Teler van die Jaar".

Dawood, wat in werklikheid die drie hoofkomponente van skouprestasies so te sê vervolmaak (teling, afrigting en vertoning), gee egter ook die eer aan sy pa, Omar, wat daagliks 'n wakende oog hou oor wat in dié Fire Stud gebeur, en uiteraard aan sy broers Amien en Allie.

Vandat Oupa Dawood, wat in 1985 in die ouderdom van 79 jaar oorlede is, deel geword het van die perd- en karkultuur van die mense van die Kaapse Vlakte, is hierdie maar nog altyd vir hulle 'n familiesaak. Nou wemel die stalle hier op Schaapkraal van Suid-Afrikaanse kampioene. Benewens die prestasies wat Dawood, Amien en Allie met hulle ponies behaal, het hulle oom, Achmat Davids, en sy seuns, Dullah en Reaad, in 2004 die meeste punte op die nasionale kampioenskappe vir Hackneys op Beaufort-Wes aangeteken.

Adam Brenner (ook familie!) het op vanjaar se SA's nie net die grootkampioenskap in die dubbeltuig verower nie, maar ook verskeie ander Suid-Afrikaanse kampioene. 'n Neef van die Davidse – Doudjie Samuels van Kimberley, wat ook op die Vlakte grootgeword het – het by verlede jaar se nasionale kampioenskappe vir Hackneys die meeste punte met sy perde aangeteken.

Ja, die aksie en spoed van die Hackney bly maar onweerstaanbaar vir hierdie bloedverwante. Pa Omar het sover terug as 1972 sy Cape Cart Horses vir die waardige Hackney begin verruil. Toe het hy sy eerste geregistreerde perd van dié ras, maar ook Vlaamperde, by die legendariese Ben van der Westhuizen van Durbanville bekom.

Dawood en Amien was bevoorreg om van meet af hegte bande te smee met ervare beroepsafrigters in die Saalperdbedryf, soos Gene van der Walt (destyds nog van Swellendam en nou uiters suksesvol in Amerika), asook Petro Botha van Stellenbosch en Louise de Wet van Bloemfontein. Ook by Patrick Absalon van die Vlakte is baie geleer.

Hackeyponies vertoon op hulle beste voor die siertuig. Hier is Fire Royal Canadian, 'n hings wat sedert 2003 verskeie kere al die kampioen in al die junior klasse was *(Foto: FotoJan)*

Dawood sê van die belangrikste komponente van skou het hy juis by Gene geleer. Dit is die belangrikheid van nie net die voorkoms van die perd en toerusting nie, maar ook van die vertoner en sy uitrusting. “Wanneer die baan betree word, is die geheelindruk belangrik en moet die beoordelaar onmiddellik kan sien of hy ‘n moontlike wenner sien of nie”.

Soos Dawood is ook Allie ‘n uitstekende afrigter/vertoner. Om ‘n top-afrigter te word, verg egter uiters harde werk en volharding. Allie sê dit is baie belangrik dat ‘n perd van jongs af goed gedissplineer moet word. ‘n Afrigter se verhouding met sy perd is van belang en hy kan ook nie bekostig om sy humeur tydens afrigting te verloor nie.

“Die persoonlike verhouding met ‘n perd moet van so ‘n aard wees dat ‘n mens gou moet agterkom of die dier op ‘n dag ongelukkig is. Ons bepaal dus nooit vooruit hoe ons die perd die volgende dag gaan afrig nie. Dis sy eie gemoedstoestand wat ons hierin lei.”

Hoewel hierdie ‘n spanpoging soos min tussen die pa en sy drie seuns is, moet die rol van Amien hierin nie onderbeklemtoon word nie. Nie net is sy toesig oor die stalle vir feitlik 24 uur per dag uiters noodsaaklik nie, maar so ook is hoefversorging en die beslaan van die perde, wat hyself doen.

Plaaslike Hackneyponies word nou met van die beste ter wêreld vergelyk. Aanvanklik is ponies slegs uit Engeland ingevoer en Dawood glo dat die latere korrekte aanwending van Amerikaanse bloedlyne, wat reeds in die sewentigerjare die land ingekom het, nou grotendeels vir die gehalte in hulle nageslag verantwoordelik is.

Dr DJ Retief het destyds enkele ponies soos die hings, Jubilee Too, en ‘n aantal topmerries vanaf Amerika die land ingebring. In die laat tagtigerjare is van hierdie nageslag in die Kaap hervestig. “Die tipe merries wat hier op die Vlakte veral met die Amerikaanse bloedlyne gebruik is, het verskil van dié waarmee aanvanklik in die noordelike provinsies geteel is en dit het die nodige inslag gevind,” meen Dawood.

Hy lê ook groot klem op die belangrikheid van die merrie in teling. ‘n Ervare teler is altyd op soek na ‘n goeie teelmerrie. Daarom moet

Dawood met twee van die talle trofeë wat jaarliks op die nasionale Hackneyponie-kampioenskappe ‘n baas moet kry en al etlike kere in dié huis plek gevind het

hulle ook beginner-telers reg help wat baie tyd en geld bestee deur eers met ‘n hings te begin en met minderwaardige merries wil teel. “Hier kan ons ook by die Amerikaners leer wat hulle sukses met Hackneyponies toeskryf aan die feit dat merries op groot skaal en oor lang afstande gestuur word na hingste by wie hulle pas. Op hierdie manier kom die goeie merries by die goeie hingste uit en beter resultate word uiteindelik verkry.”

By Fire Stud was Prime Style vir lank die hoofteelhings, maar nou is hierdie verantwoordelikheid dié van King of the Plain en Big Shot Romeo. Hackneyponies is veral bekend vir hulle aksiebelaaide vertonings op die skoubaan. Van die eienskappe waarop in die teel van hierdie diere gelet word, is veral beweging belangrik – ook sterk agter-beweging. Maar uiteindelik is dit ‘n verskeidenheid van eienskappe wat in ag geneem moet word, sê Dawood. “Ons sal nooit eens probeer om met ponies te teel waarvan al die kwaliteite nie reg is nie.”

Hy glo ook dat ‘n skoumens net soveel beter vaar indien hy die nodige ondersteuning van sy lewensmaat kry. Dit kry hy gelukkig in groot maat van Nadeema. Sy het self ‘n persoonlike belangstelling in perde. Saam hoop hulle dat hulle drie kinders dié trotse tradisie van die Davids-familie eendag sal voortsit. **SAH**